GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MONDELING 2020
AFRIKAANS EAT
Graad 11

VRAESTEL 4

Hierdie vraestel bestaan uit 20 blasye en bevat die DRIE praktiese assesseringstake vir Kwartaal 1, 2 en 3

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DISTRIK:	
SKOOL:	
DATUM:	
VAK:	**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**
GRAAD:	**11**
TAAK 1	Vraestel 4 Mondeling: Luisterbegrip ***Tydskrifartikel:*** **ONS OSEANE VERDRINK**
PUNTE:	**10**
TYDSDUUR:	**40 minute**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jou onderwyser sal ‘n teks en vrae aan jou voorlees.
2. Die teks word twee keer aan jou voorgelees.
3. Tydens die eerste lees mag jy geen aantekeninge maak nie.
4. Tydens die tweede lees mag jy aantekeninge maak of weer eens slegs luister. Dit kan van groot waarde wees om tydens die tweede uisterproses aantekeninge te maak van die kernfeite.
5. Beantwoord dan die vrae wat volg. Jy het 15 minute om die vrae skriftelik te beantwoord.

   Let wel: Spelling word nie in aanmerking geneem nie.

VRAE	
1. Hoeveel plastiek word, volgens die WWE, jaarliks deur Suid-Afrikaners gebruik?	(1)
2. Suid-Afrikaners gebruik meer plastiek as die Europeërs. Waarom is hierdie stelling ONWAAR?	(1)
3. Noem EEN voorbeeld wat volgens Claire Taylor bydra tot plastiekbesoedeling.	(1)
4. Waarom het ontsoutingsaanlegte in die Kaap 'n ernstige terugslag beleef?	(1)
5. Vul die ontbrekende woorde in. President Cyril Ramaphosa sien die oseane ekonomie as 'n bron van _____ en _____.	(2)
6. In 2014 is Operasie Phakisa begin. 6.1 Wat beteken die Sesothowoord "Phakisa"? (1)	
6.2 Waarom, dink jy, is dit belangrik om onmiddellik aandag aan oseaanbewaring te gee?	(1)
7. Hoeveel miljoen plastiek word jaarliks in die oseaan gestort?	(1)
8. Watter plan sal jy maak om daagliks minder plastiek te gebruik?	(1)
	[10]

SLEGS VIR DIE ONDERWYSER

INSTRUKSIES, TEKS EN ANTWOORDE

Riglyne vir die onderwyser

1. Hersien u kennis van die KABV bladsye 10 – 19 en 20 van *Luister en praat*, asook bladsy 96 en 100 – vraestel 4: Mondeling.

2. Gee aan die leerders ’n kort oorsig van Vraestel 4 en hoe dit in die assesseringsprogram vir die jaar inpas.

3. Verduidelik die verskil tussen hoor en luister.

Pre-luister:

- Skryf ‘n lys van moeilike woorde en uitdrukkings wat in die luisterbegrip voorkom op die bord en verduidelik wat dit beteken.
  Aanbeveling: Moeilike woorde kan die vorige dag reeds met behulp van oordeboeke aangespreek word.

- Agtergrondskennis oor OSEAANBESOEDELING en die gebruik van plastiek moet aandag kry.

- Gee aan die leerders die titel van die tydskrifartikel en vra ’n paar inleidende vrae oor die onderwerp.

Tydens luister:

1. **Lees die teks een maal** hardop, duidelik, met korrekte uitspraak teen ’n gepaste tempo voor. Die leerders moet **luister**. Hulle mag geen aantekeninge tydens die eerste voorlesing maak nie.

2. **Deel die vrae uit en lees dit een maal hardop saam met die leerders deur.** Die leerders moet die vrae sien en hoor. Maak ook seker die leerders verstaan wat die vraag vra.

3. Leerders **mag aantekeninge** op ’n rofwerkpapier maak**.**

4. Die teks word ’n **tweede keer deur die onderwyser voorgelees**. Die leerders mag slegs tydens die tweede voorlesing aantekeninge maak.

5. Indien nodig, kan die leesstuk ’n derde keer gelees word.

LUISTERTEKS:

ONS OSEANE VERDRINK

’n Mens sien amper elke dag beelde van visse wat in plastiek, een van die groot besoedelaars van ons oseane, verstrik raak.

Volgens die Wêreldwye Natuurfonds (WWF) gebruik Suid-Afrikaners gemiddeld 30-50kg plastiek per jaar, aansienlik minder as Europa en Amerika, wat omtrent 130kg per persoon gebruik.

Hoewel ons minder plastiek as die Europeërs gebruik, is Suid-Afrika steeds onder die Top 20-besoedelaars in die wêreld. Die eienaar van Eeko Distribution, Claire Taylor, sê die meeste Suid-Afrikaners is steeds onbewus van hoeveel hulle besoedel. Claire verduidelik dat sy opgehou het om plastiekstrooitjies te gebruik, kleefplastiek uit haar huis verban het en ook opgehou het om plastiek waterbotteltjies te koop.

Ontsoutingsaanlegte in die Kaap, wat gehoop het om seewater te suiwer, het agtergekom dat seewater tot 400% meer besoedel is as wat hulle verwag het.

President Cyril Ramaphosa het in sy staatsrede die oseane-ekonomie genoem as ’n bron van werkskepping en ontwikkeling. Hy het gesê ons kan die oseane gebruik om die land se ekonomie te laat groei.

In 2014 is Operasie Phakisa begin – ’n Sesothowoord wat “maak gou” beteken. Die doel was om die ekonomiese potensiaal van die oseaan te ontdek. Barbara Creecy, minister van omgewingsake, sê meer as twee miljoen Suid-Afrikaners is afhanklik van natuurlike hulpbronne en daarom moet ons dadelik ’n bekostigbare en volhoubare oplossing vind.
Meer as 8 miljoen ton plastiek word jaarliks in oseane gestort.

Ons het nie meer ’n verskoning as om te kyk wat ons aan die natuur doen nie.As ons die natuur vernietig, is daar niks vir ons kinders en kleinkinders nie.
[257 woorde]

[Aangepas uit Vrouekeur, 9 Augustus 2019]

NASIENRIGLYNE

- **Spelling word nie gepenaliseer nie, want luistervaardigheid word getoets.**

ANTWOORDE	*VLAK*	PUNT
1. Hoeveel plastiek word, volgens die WWE, jaarliks deur Suid-Afrikaners gebruik?		
30-50kg	*Vlak 1*	(1)
2. Suid-Afrika gebruik meer plastiek as die Europeërs. Waarom is hierdie stelling ONWAAR?		
Europeërs 130kg per persoon en ons net 30-50 kg per persoon.	*Vlak 2*	(1)
3. Noem EEN voorbeeld wat volgens Claire Taylor bydra tot plastiekbesoedeling.		
Plastiekstrooitjies, kleefplastiek, plastiek waterbotteltjies (Enige EEN)	*Vlak 2*	(1)
4. Waarom het ontsoutingsaanlegte in die Kaap 'n ernstige terugslag beleef?		
Hulle het agtergekom dat seewater tot 400% meer besoedel is as wat hulle verwag het.	*Vlak 3*	(1)
5. President Cyril Ramaphosa sien die oseane-ekonomie as 'n bron van **werkskeppin**g en **ontwikkeling**.	*Vlak 3*	(2)
6. In 2014 is Operasie Phakisa begin.		
6.1 Wat beteken die Sesothowoord "Phakisa"?		
Maak gou	*Vlak 3*	(1)
6.2 Waarom, dink jy, is dit belangrik om onmiddellik aandag aan oseaanbewaring te gee?		
Oseane gaan tot niet, natuur gaan nie vir ons kinders bewaar word nie. (Enige EEN of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se mening)	*Vlak 4*	(1)
7. Hoeveel miljoen plastiek word jaarliks in die oseaan gestort?		
Meer as 8 miljoen ton	*Vlak 1*	(1)
8. Watter plan sal jy maak om daagliks minder plastiek te gebruik?		
Eie antwoord. Gee krediet vir die kandidaat se antwoord.	*Vlak 5*	(1)

[10]

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DISTRIK:	
SKOOL:	
DATUM:	
VAK:	**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**
GRAAD:	**11**
TAAK 5	**Vraestel 4 Mondeling: Voorbereide Toespraak**
PUNTE:	**20**
TYDSDUUR:	**2 – 3 minute**

INSTRUKSIES:

1. **Kies EEN** van die onderwerpe en berei ’n **TOESPRAAK van 2 – 3 minute** voor.

2. **Jy MOET tydens jou toespraak gebruik maak van SLEUTELKAARTE / GEHEUEKAARTJIES met HOOFGEDAGTES/TREFWOORDE.**

3. Jy mag **nie** van jou **kaartjies aflees nie**, dit is ’n **TOESPRAAK**, nie **LEES** nie.

4. Plaas alles, hieronder, in ’n plastieksakkie en handig dit ná jou toespraak in sodat jy dit tydens moderering kan voorlê:

   - die genommerde geheuekaartjies met hoofgedagtes/trefwoorde,
   - ’n geskrewe of getikte weergawe van jou toespraak,
   - ’n afskrif (slegs die eerste bladsy) van die bronne wat jy tydens jou navorsing geraadpleeg het.
   - (’n) afskrif(te) van die hulpmiddel(s) (bv. ’n plakkaat/kragpuntaanbieding) wat jy met jou aanbieding gebruik het.

5. Die gebruik van **HULPMIDDELS is VERPLIGTEND**!
6. Maak **OOGKONTAK** met jou gehoor tydens jou toespraak.
7. **DOEN NAVORSING** oor die onderwerp wat jy kies. Verwys na 'n wye verskeidenheid bronne wat geraadpleeg is (waarvan **EEN 'n AFRIKAANSE BRON** is) en gee erkenning aan die geraadpleegde bronne.
8. Maak seker die inhoud van jou toespraak is **logies georganiseer** en jy **stel 'n standpunt.**
9. Onthou: 'n goeie **inleiding** en **slot** is belangrik.
10. Bestudeer die assesseringsrubriek tydens jou beplanningsproses om te verseker dat jy aan die vereistes voldoen.
11. Kies EEN van die volgende onderwerpe en berei 'n TOESPRAAK van 2 – 3 minute voor.

ONDERWERPE

1. Is organiese kos beter/gesonder?
2. Hoe kan die Suikersiekte-epidemie (Diabetes) 'n uitklophou gegee word?
3. Die anti-lyfstraf wetgewing sal meer skade as goed doen.
4. Waarom kry so baie mense deesdae kanker?
5. Moet kinders toegelaat word om energiedrankies te gebruik?
6. Kosmetiese operasies. Is dit regtig nodig?
7. Misdadigersbendes in Suid-Afrika.
8. Eie onderwerp.

Let wel: Plaas alle bewyse van jou toespraak in jou SGA-lêer.

NAAM VAN LEERLING:_____ **KLAS:**_____

ONDERWYSER:_____

KRITERIA VIE ASSESSERING – VOORBEREIDE TOESPRAAK EERSTE ADDISIONELE TAAL [10 x 5 = 50 / 2.5 = 20]

Kriteria	Kode 7 (Uitmuntend) 8-10	Kode 6 (Verdienstelik) 7	Kode 5 (Buitegewoon) 6	Kode 4 (Voldoende) 5	Kode 3 (Matig) 4	Kode 2 (Basies) 3	Kode 1 (Ontoereikend) 0-2	TOTAAL	
Navorsing	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Beplanning en organisering van Inhoud	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Kritiese bewustheid van taalgebruik	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Toon-, praat- en aanbiedings vaardighede	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Keuse, ontwerp en gebruik van klank- en / of visuele hulpmiddels	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		*Punt behaal uit 20*
								50	

Assesseringsrubriek – Voorbereide Toespraak Eerste Addisionele Taal [10 x 5 = 50 / 2.5 = 20]

Kriteria	Kode 7 - Uitmuntend	Kode 6 - Verdienstelik	Kode 5 - Buitengewoon	Kode 4 – Voldoende	Kode 3 – Matig	Kode 2 – Basies	Kode 1 – Ontoereikend
Navorsing	**8 - 10**	**7**	**6**	**5**	**4**	**3**	**0 - 2**
	Uitstaande bewyse dat meer as die minimum twee relevante hulpbronne effektief geraadpleeg en erken is.	**Oortuigende** bewyse dat meer as die minimum van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is.	**Baie goeie** bewyse dat 'n minimum van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is.	**Goeie bewyse** dat 'n relevante hulpbron geraadpleeg en erken is.	**Geringe** bewyse dat 'n toepaslike bron geraadpleeg en erken is.	**Beperkte** bewyse dat 'n hulpbron geraadpleeg en erken is.	**Geen** bewyse dat enige hulpbronne geraadpleeg is nie.
Beplanning en organisering van Inhoud	**8 - 10**	**7**	**6**	**5**	**4**	**3**	**0 - 2**
	Uitstaande keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is. **Uitstaande** inleiding wat die gehoor se aandag onmiddellik trek, **uitstaande** ontwikkeling van idees en argumente, **uitstaande** gevolgtrekking	**Oortuigende** keuse van 'n onderwerp wat **grootliks** oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is. **Oortuigende** inleiding wat die gehoor se aandag trek **oortuigende** ontwikkeling van idees en argumente, **oortuigende** gevolgtrekking	'n **Baie goeie** keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is. **Baie goeie** inleiding wat gehoor se aandag trek, **baie goeie** ontwikkeling van idees en argumente, **baie goeie** gevolgtrekking	'n **Goeie** keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is. **Goeie** inleiding wat die gehoor se aandag trek, **goeie** ontwikkeling van idees en argumente, **goeie** gevolgtrekking	Die keuse van 'n onderwerp toon oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor. 'n Paar bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente en 'n poging tot 'n gevolgtrekking.	Die keuse van 'n onderwerp toon **beperkte** oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor. **Beperkte** bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente, en 'n **beperkte** poging tot 'n gevolgtrekking.	Die keuse van 'n onderwerp toon **min of geen** oorspronklikheid of sensitiwiteit vir die gehoor nie. **Min of geen** bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek nie, **min of geen** ontwikkeling van idees en argumente nie en **geen** poging tot 'n gevolgtrekking nie. Die toespraak is in geheel afgeskryf en is nie oorspronklike werk nie.
Kritiese bewustheid van taalgebruik	**8 - 10**	**7**	**6**	**5**	**4**	**3**	**0 - 2**
	Uitstaande vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. – **Buitengewone** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Oortuigende** vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. **Oortuigende** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Baie goeie** vermoë om taal te manipuleer. **Baie goeie** woordeskat. **Baie goeie** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Goeie** vermoë om taal te manipuleer. **Goeie** woordeskat. **Goeie** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Matige** vermoë om taal te manipuleer. **Matige** gebruik van woordeskat. **Matige** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Beperkte** vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. **Beperkte** bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	**Nie in staat** om taal te manipuleer nie. **Baie beperkte** woordeskat. **Geensins** in staat om bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik te toon nie
Toon-, praat- en aanbiedings vaardighede	**8 - 10**	**7**	**6**	**5**	**4**	**3**	**0 - 2**
	Indrukwekkende aanbieding met 'n **uitstekende** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. 'n **Selfversekerde** aflewering met **uiters doeltreffende** gebruik van flitskaarte.	'n **Goed gestruktureerde** aanbieding met 'n **oortuigende** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. Flitskaarte is **effektief** en met **selfvertroue** gebruik.	'n **Gestruktureerde** aanbieding met 'n **baie goeie** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. Flitskaarte is **effektief** gebruik.	'n **Aanvaarbare** aanbieding met 'n **goeie** styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. 'n **Gedeeltelike** afhanklikheid van flitskaarte, maar nog steeds goeie kontak met die gehoor	'n **Matige** aanbieding met 'n **matige** gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. Gebruik van flitskaarte trek aandag dikwels af van die aanbieding.	'n **Elementêre** aanbieding met 'n **beperkte** gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukkings, gebare en lyftaal. **Ten volle afhanklik** van flitskaarte.	'n **Ondoeltreffende** aanbieding met **min of geen** styl, registrer, oogkontak, gesigsuitdrukking, gebare en lyftaal nie. Geen flitskaarte is as hulpmiddel gebruik nie.
Keuse, ontwerp en gebruik van klank- en / of visuele hulpmiddels	**8 - 10**	**7**	**6**	**5**	**4**	**3**	**0 - 2**
	Indrukwekkende keuse en aanbieding van visuele / klank- hulpmiddels	**Oortuigende** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Baie goeie** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Goeie** keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Geringe** gebruik van visuele / klank hulpmiddels, maar nie altyd toepaslik nie	**Beperkte** gebruik van visuele / klankhulpmiddels	**Geen** gebruik van visuele / klankhulpmiddels nie.

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DISTRIK:	
SKOOL:	
DATUM:	
VAK:	**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**
GRAAD:	**11**
TAAK 8	***Vraestel 4 Mondeling 2: Voorbereide Lees***
PUNTE:	**20**
TYDSDUUR:	**2 – 3 minute**

INSTRUKSIES:

Bestudeeer en lees die onderstaande TEKSTE en berei EEN voor vir hardop te lees.

Let op die volgende as jy die leesstuk voorberei:

- Leesspoed – Jy moet so vloeiend as moontlik probeer lees.
- Uitspraak van die woorde – Jy moet oefen om die woorde reg uit te spreek.
- Leer om met gevoel te lees en stop by by punte en kommas.
- Woorde wat jy nie verstaan nie, se betekenis moet jy opsoek in die woordeboek.
- Maak seker jy verstaan wat jy lees sodat jy die vrae wat daaroor gevra gaan word, kan beantwoord.
- Let op na die rubriek, wat die kriteria aandui, waarvolgens jy punte sal kry. Die onderwyser sal dit met jou bespreek.

Pre-lees

- Lees die opskrif en subopskrif. Wat beteken die opskrif: 10 moet-doendinge voor jy toer?
- Lees en bepaal die betekenis van onbekende woorde deur kontekstuele leidrade te gebruik, herlees waar nodig.
- Gebruik ’n woordeboek om onbekende woorde op te soek. Behandel die woordeskat met die leerlinge:

Woordeskat	
reëlings	*arrangements*
geldige	*legal*
voertuig	*veachile*
registrasiesertifikaat	*registration papers*
finansies	*finances*
begrotings	*budget*
brandstofpryse	*fuel prices*
voorraad	*stock*
oorleef	*survive*

Tydens lees

- Lees aandagtig sodat jy kan verstaan waaroor die leesstuk gaan.
- Lees en bestudeer die volgende artikel en berei dit voor om hardop te lees vir formele assessering.

TEKS A: Bron: netwerk24.com/Weg/21 September 2018

10 MOET-DOENDINGE VOOR JY TOER

Om op toer te gaan verg ’n lang lys goed wat ingepak moet word en reëlings wat getref moet word. Hier is twee kenners se lys van die 10 goed wat jy moet doen voor jy die pad vat.

Ons eerste kenner, Johann Groenewald, is die besturende direkteur vanTracks4Africa en Riaan Haasbroek van Bushward Safari’s.

1. KRY DIE PAPIERWERK REG

“Die papierwerk en jou finansies is die twee belangrikste dinge wat jy moet gereed hê voordat jy toer,” sê Johann.“Want sonder al die nodige dokumente gaan jy eenvoudig moet tuis bly of by die grens omdraai.”

Behalwe ’n geldige paspoort moet jy sorg dat jy jou voertuig se registrasiesertifikaat, ’n brief van jou bank wat jou toestemming gee om op jou beplande datums landuit daarmee te reis (indien die voertuig gefinansier is), en ’n bewys van jou versekering daarop hê.

“Maak ook seker jy weet wat gebeur in geval van ’n ongeluk. Herwin jou versekeringsmaatskappy die voertuig op die toneel, of moet jy hom self tot by die naaste grenspos kry?”

2. KRY JOU FINANSIES IN ORDE

Mense se begrotings verskil, maar Johann sê jy kan voor jou toer redelik akkuraat bepaal hoeveel jy op brandstof en verblyf gaan spandeer. “Jy weet mos min of meer waar jy gaan oornag en hoeveel kilometer jy per liter brandstof kry. Wanneer ek my roete beplan, gebruik ek hierdie inligting saam met die afstande en padtoestande wat ek verwag om vir my koste te begroot.” Dis baie belangrik om die plaaslike brandstofpryse te gebruik, voeg hy by, en nie alles in rand teen Suid-Afrikaanse pryse te bereken nie.

Riaan sê hy trek dikwels kontant in die buiteland, daarom sorg hy voortydig dat sy bank weet hy gaan reis en dat sy daaglikse limiete hoog gestel is.

Dan moet jy ook bepaal hoeveel kontant om te vat, waar jy met ’n kaart kan betaal én ook seker maak wat is die situasie met plaaslike valuta. “Namibië is byvoorbeeld maklik, want rande word oral aanvaar en jy kan byna oral brandstof op jou kredietkaart betaal, maar dis ’n ander storie in Zambië, en dis boonop moeilik om kwatchas in Suid-Afrika te kry.

3. BEPLAN VIR GENOEG WATER

Water is uiteraard baie belangrik as jy kamp, maar “deesdae is die kampe so goed ingerig dat jy jou voorraad elke paar dae kan aanvul,” sê Johann.

Vir kampe met geen water nie, begroot sy gesin sowat 5 liter per dag per persoon (as hulle nie stort nie en met waslappe was). Hy vat ook watersuiweringspille vir uiterste situasies.

“As ek self ry en by kampe sonder water bly, vat ek so 3 liter drinkwater per dag. Vir drink, kosmaak en skottelgoed was, is 20 liter per maaltyd genoeg as ons in ’n groep is, sê Riaan.

“Onthou ook dat jy in plekke soos Botswana en Namibië dikwels brak water kry. Dis piekfyn vir was, maar nie lekker om te drink nie.”

4. VAT DIE REGTE KOS

Johann-hulle sluit ’n paar groot dorpe of stede op hulle roete in en vul voorrade daar aan eerder as om alles saam te ry.

Vir ’n noodsituasie hou hy genoeg kos en water aan boord om vir ’n week te oorleef, indien hulle êrens vasval en moet wag vir hulp. “Hiervoor is ’n groot pak rys, ’n bietjie

blikkieskos en sowat 2 liter water per persoon per dag genoeg.” Laastens waarsku Johann dat jy tydens jou roetebeplanning vir enige beperkings op die vervoer van sekere kosse, soos Namibië se Rooilyn, moet kyk.

5. MAAK SEKER JY KAN KOMMUNIKEER

Nes kos en water, is dit belangrik om jou kommunikasietoerusting te beplan rondom die plekke wat jy sal besoek.

“Selfoonkommunikasie is deesdae so algemeen dat ons byna oral regkom met ’n plaaslike

SIM-kaart.” Johann gebruik ook ’n SPOT-satelliet-opsporingstelsel. Indien hy op baie afgeleë plekke gaan reis, laat weet hy vooraf ’n vriend tuis. Dié vriend (wat ook Johann se reisplan sal hê) sal dan sy SPOT-posisie monitor. Indien Johann vir te lank op een plek stilstaan en die vriend vermoed onraad, kan hy plaaslike owerhede of ’n reddingspan kontak met Johann se presiese ligging.

Die SPOT-toestel het ook ’n SOS-knoppie vir noodgevalle

6. BEPLAN JOU NAVIGASIETOERUSTING EN ROETES

’n GPS-toestel help nie veel as jy nie voor jou toer reeds weet hoe dit werk nie. Wanneer jy jou roete en kampplekke beplan, “ gebruik eerder dieselfde toerusting vir jou beplanning as vir jou toer”, sê Johann, “en dit sluit jou GPS, papierkaart en boeke in.” Dit, meen hy, help jou om ingeoefen te wees met jou navigasietoerusting en ook om jou te oriënteer wanneer jy op toer is.

7. WEES GEREED VIR VOERTUIGPROBLEME

“Jou voertuig is jou lewensaar in die bos,” beaam Johann. “Ek dink daarom dis baie waardevol om ’n basiese bosmechanic-kursus te doen voordat jy gaan toer.”

Verder vat hy ’n gereedskapkis met ’n klomp basiese gereedskap en onderdele saam. Johann stel ook voor dat jy op forums gaan rondsnuffel vir tipiese probleme wat by jou sort voertuig opduik. “Ek het byvoorbeeld vir jare ’n Disco 2 gery en het gelees dat hulle bekend is vir waterpypprobleme. Ek het dus altyd ’n ekstra waterpyp saamgery – en nodig gekry.”

8. PAK DIE REGTE TENTE EN BESKUTTING

Johann meen jou keuse van tente en beskutting is ook ’n belangrike deel van jou voorbereiding. “Die vlak van luuksheid hang van jouself af, maar dis belangrik dat jy genoeg beskerming teen die son, wind en reën het.

Verder is dit ook wys om te beplan rondom die omgewing waar jy gaan kamp. Indien jy tussen Mabua of die Kgalagadi se leeus gaan kamp, is ’n daktent of gehuurde boswoonwa dalk ’n beter roep as ’n eenmantent.

9. MAAK JOU NOODHULPTAS VOL

Johann en Riaan het albei ’n noodhulptas met goed soos breëspektrum-antibiotika en pille vir naarheid, diarree en pyn. Volgens Johan is brandwonde die mees algemene probleme wat hulle ondervind, daarom het hulle altyd baie Burnshield-pleisters.

“Sorg ook dat jy koorsmedisyne het as klein kindertjies saamreis en onthou tog genoeg pleisters. Dis soos Smarties vir hulle – dit maak alles reg.”

Riaan voeg by dat medisyne vir allergiese reaksies baie bruikbaar is (dit help ook vir sommige insekbyte) terwyl Johann weer altyd ’n fles kamferroom inpak. Laastens sê hy dis belangrik om seker te maak dat jou inentings op datum is.

10. ONTHOU DIE HIGIËNE

Johann se laaste voorbereidingswenk is ’n klein dingetjie wat groot probleme kan voorkom.

“Ons koop altyd ’n botteltjie Dettol-seep en hou dit byderhand in die voertuig. Elke keer as ons deur ’n grenspos gaan, moet almal in die kar hulle hande was. Grensposte het groot konsentrasies mense en enige denkbare virus kan daar rondhang.

OF

TEKS B: Bron: *Beeld, 3 April 2019*

Venezuela steier

Nou staan hulle tou vir water

Inwoners van Caracas, hoofstad van Venezuela, staan lank tou om dromme by straatkrane of in stroompies vol te maak, want waterpompe werk nie. Dit is nou die vierde week dat die land ‘n nasionale elektrisiteitskrisis beleef.

Mense slaap in rye naby Petare, die stad se grootste krotbuurt, om ‘n waterbeurt te kry.

Naby di Cota Mil-hoofweg staan die motors tou en wag mense om hul emmers by die klein stroompies wat van die Avila-berg loop, vol te maak.

In een van die stad se parke kry die mense water uit tuinslange waarmee die plante natgelei word terwyl hul kinders in ‘n pretpark daar naby speel.

In die Ryker dele van die stad gebruik mense swembadwater om toilette te spoel.

“Caracas maak staat op ‘n network reservoirs en pompstelsels wat nie goed in stand gehou is nie,” sê David Marrero, ‘n lid van die openbare diensspan van die El Hatillo-munisipaliteit. “As daar nie elektrisiteit is nie, werk die waterpompe nie en het Caracas nie water nie.”

Sedert 7 Maart was daar nog net a fen toe elektrisiteit beskikbaar. Die regering sê dit is weens sabotasie en ignorer beskuldigings dat dit weens wanbestuur en onbevoegdheid is.

In die laaste paar dae was daar gereeld betogings omdat die mense moeg is vir die verval van openbare dienste. Die elektrisiteit was in Maart meer af as aan.

“Ons het 15 dae lank geen water in die huis gehad nie,” sê Susano Bruno, ‘n kassier in ‘n supermark. Hulle gaan haal by ‘n polisiepunt water.

“Die verskaffing van water was maar altyd sleg, maar ten minste het ons vier dae ‘n week water gehad. Ons het nog nooit so iets soos nou beleef nie.”

Die weermag beheer die beskikbare water en verkoop tenkwaens vol aan mense wat dit kan bekostig. Daar is boonop ‘n droogte en dit is nie nou reënseisoen nie.

Die kragverskaffingsprobleme het die politieke onstabiliteit in die land nie net vererger nie, maar lei ook daartoe dat baie mense nie aan die opposieleier, Juan Guaidó, se protesoptogte deelneem nie. Kommunikasiekanale werk nie, met die gevolg dat mense in die buiteland Guaidó twiets en boodskappe kry, mar nie die mense in Venezuela nie.

Guaidó verloor nou momentum weens frustasie dat hy nie verandering teweegbring nie, meen die ontleder Risa Grais-Targow.

“Mense skuif hul fokus terug na hul daaglikse oorlewing.” Tog dink sy daar sal die een of ander tyd ‘n bewindsoorname wees.

]

Post –lees

Die onderwyser sal aan jou vrae vra, wat jy moet kan beantwoord.

Kriteria – Voorbereide Lees Eerste Addisionele Taal [10 x 4 = 40 / 2 = 20]

Kriteria	**Kode 7 (Uitmuntend) 8-10**	**Kode 6 (Verdienstelik) 7**	**Kode 5 (Buitegewoon) 6**	**Kode 4 (Voldoende) 5**	**Kode 3 (Matig) 4**	**Kode 2 (Basies) 3**	**Kode 1 (Ontoereikend) 0-2**	**TOTAAL**	
Vloeiendheid en met aandag doel van taak	*8 - 10*	***7***	***6***	***5***	***4***	***3***	***0 - 2***		
Demonstreer die gebruik van toon en infleksie om betekenis aan die gehoor oor te dra	***8 - 10***	***7***	***6***	***5***	***4***	***3***	***0 - 2***		
Gebruik oogkontak, gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking	***8 - 10***	***7***	***6***	***5***	***4***	***3***	***0 - 2***		***Punt behaal:***
Antwoorde op vrae toon leerder se kritiese interpretasie van die teks	***8 - 10***	***7***	***6***	***5***	***4***	***3***	***0 - 2***		
Totaal								***40***	***= 20***

Assesseringsrubriek – Voorbereide Lees Eerste Addisionele Taal [10 x 4 = 40 / 2 = 20]

Kriteria	Kode 7 – Uitmuntend	Kode 6 - Verdienstelik	Kode 5 - Buitengewoon	Kode 4 – Voldoende	Kode 3 – Matig	Kode 2 – Basies	Kode 1 - Ontoereikend
Vloeiendheid en met aandag doel van taak	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitmuntende vlloeiende en uiters vermaaklike leeswerk Leser demonstreer uitstekende interpretasie van die teks.	Besondere vloeiende leeswerk. Teks word ten volle verstaan en die interpretasie is goed.	Vloeiende leeswerk. Verstaan teks en interpretasie is goed.	Lees redelik vlot. Leser interpreteer teks genoegsaam om betekenis oor te dra.	Lees met beperkte vlotheid. Gedeeltelike interpretasie van teks om sommige van die betekenis oor te dra.	Lees nie vlot nie. Gedeeltelike bewys van teksinterpretasie maar die betekenis is ontwrig.	Leeswerk waarin gehakkel voorkom. Geen bewys van interpretasie en betekenis.
Demonstreer die gebruik van toon en infleksie om betekenis aan die gehoor oor te dra	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Betekenis word uitstekend oorgedra deur frasering, ruspouses en infleksie.frasering Uitstekende stemprojeksie asook uitspraak	Baie goeie gebruik van frasering, ruspouses en infleksie om betekenis oor te dra. Baie goeie stemprojeksie asook uitspraak	Goeie gebruik van frasering, ruspouses en infleksie om betekenis oor te dra. Goeie stemprojeksie asook uitspraak	Frasering, ruspouses en infleksie word gebruik om betekenis oor te dra. Lees is duidelik en hoorbaar en uitspraak verbeter betekenis	Poog daarin om frasering, rusposes en infleksie te gebruik om betekenis oor te dra. Lees is hoorbaar en uitspraak beïnvloed nie betekenis nie	Swak gebruik van frasering, rusposes en onnatuurlike infleksie in leesproses. Lees nie altyd hoorbaar nie en baie woorde word verkeerd uitgespreek	Amper geen poging word aangewend vir korrekte frasering en infleksie nie. Swak uitspraak en swak uitspraak maak die aflewering byna onverstaanbaar.
Gebruik oogkontak, gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Algehele gepaste oogkontak Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is besonder effektief gebruik.	Baie goeie oogkontak Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is effektief gebruik	Goeie oogkontak Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is toepaslik gebruik	Suksesvolle pogings om oogkontak te maak Voldoende gebruik van gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal ondersteun die betekenis	Doelbewuste pogings is aangewend om oogkontak te maak Bewyse van geskikte gebare, gesigsuitdrukkings en lyftaal ondersteun die betekenis	Onsuksesvolle pogings om oogkontak te maak Baie min gebare, gesigsuitdrukkings of sinvolle lyftaal senuweeagtige gebare	Byna geen oogkontak nie Steurende en onvanpaste gebare en lyftaal
Antwoorde op vrae toon leerder se kritiese interpretasie van die teks	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Hanteer vrae met totale vertroue, gemak en met sensitiwiteit vir die teks Houding en menings getuig van van selfvertroue asook volgehoue regverdiging	Hanteer vrae met vertroue, gemak en sensitiwiteit vir die teks Menings goed volgehou asook volgehoue regverdig	Hanteer vrae en reageer sinvol met paar foute In staat om menings te verdedig en te regverdig	Hanteer vrae en reageer sinvol, maar net soms met foute Menings word met redelike selfvertroue gemotiveer	Verstaan vrae en kan sommige van die vrae beantwoord Menings word net soms voldoende gemotiveer	Verstaan vrae, maar verskaf soms foutiewe antwoorde Baie huiwerig om 'n mening uit te spreek	Is meestal nie in staat om vrae te verstaan of daarop te reageer nie Kan nie menings motiveer nie

KANDIDAAT SE INLIGTINGSVORM

(Moet deur elke leerder voltooi word vir gebruik tydens eksterne moderering.)

LEERDER SE VAN: _____ VOORNAAM:_____

1. Lees: *Titel van teks waaruit leesstuk kom*

2. Onderwerp van voorbereide toespraak:

Kandidate sal ook aan informele besprekings deelneem. Oefen hoe om jouself in Afrikaans voor te stel, vertel iets van jouself (belangstellings en stokperdjies) en vertel van jou toekomsplanne.

Belangstellings en stokperdjies: Skryf in volsinne.
Voorgenome beroep: Skryf in volsinne.
Enige ander toekomsplanne: Skryf in volsinne.